'n Woord oor die krag van God

Daar word vandag baie gepraat oor God se krag teenoor menslike krag. Christene is vinnig om die kerk te "beskuldig" van kragteloosheid. Maar as ons die kerk vir 'n oomblik kan los, wil ek vra: is die krag van God in jóú lewe sigbaar en teenwoordig? Dit is die belangriker vraag. Die krag van God kom wanneer ons Jesus se woorde glo en daarvolgens leef. Dit kom wanneer ons God meer vrees as mense. Die krag van God kom wanneer ons ons eie sonde bely en ophou om aanhoudend die sonde van ander uit te wys. Die krag van God kom wanneer ek leer om my eie lewe onder beheer van die Heilige Gees te stel en Hom stiptelik en radikaal te gehoorsaam. Die krag van God raak eers sigbaar wanneer iemand in gebrokenheid voor God begin leef. God se krag word sigbaar daar waar daar oortuiging van sonde is, en die oortuiging lei tot reiniging van daardie sonde, wat lei tot 'n heilige lewe. Daar is geen krag van God sonder 'n heilige lewe nie.

Laat ons eerstens God self soek. Wanneer ons God self soek, is Sy krag wat deur ons werk as't ware 'n "byvoordeel" van ons lewe in Hom. Te veel van ons fokus val egter op die "byvoordeel" van God se krag. Daar bestaan nie iets soos krag sonder God nie. God self is die krag. En onthou: die krag is nooit óns krag nie, dit is God wat deur ons werk. Te veel mense glo die krag is in of uit hulleself, dat hulle dit besit. Nee, die krag van God is alleen die krag van God as God self deur ons werk. En vir God om deur ons te werk, vra dat ons sal sterf aan onsself, ons wil, menings en emosies, dat ons uit die pad uit sal kom sodat God ongehinderd deur ons kan werk.

Daar is vandag baie aansprake van mense op die kragtige werking van God en op herlewing, maar te dikwels is daar geen trane, geen oortuiging van sonde, geen gebrokenheid en ook nie 'n heilige lewe en vrees vir God nie. Te dikwels sien ons mense wat opgeblase en vol vertoon is, "sterk" in hulleself, mense wat alles weet, vol selfvertroue is (vertroue wat dus vertroue in die self is). Let wel: om 'n "lekker tyd" in 'n kerk te hê, lofprysing en aanbidding te doen wat die vlees bevredig en ons gees leeg, onvergenoegd en onveranderd laat wanneer ons huis toe gaan, het weinig met die krag van God te doen.

Een van ons grootste probleme vandag is dat ons oortuig is God is daar net vir ons en dat dit eintlik alles oor ons gaan. Nee, dit gaan oor God. Dit gaan nie in die eerste plek oor my genesing, my voorspoed, my sukses en my behoeftes nie, maar oor Jesus en oor Hom alleen en hoe Hy verheerlik word wanneer Hy genesing, voorspoed, sukses en antwoorde gee op my gebede. Ons is so geneig om die lewe te draai en te verdraai dat alles op die ou end oor ons gaan. Geestelik doen ons dieselfde. Ons kom so maklik by 'n punt waar ons onsself in die middelpunt van die "heelal" plaas en nie meer God nie. Ons sien en beredeneer dinge vanuit ons (menslike) perspektief en nie vanuit God se perspektief nie.

Ek lees van die herlewing in Korea in 1907. Die sendeling wat die aand in die byeenkoms was toe die herlewing uitgebreek het, het jare later gesê: "Mag God gee dat ek nooit weer teenwoordig sal wees wanneer herlewing uitbreek nie. Dit is 'n verskriklike belewenis." Die heiligheid van God is oorweldigend. Ons bid maklik vir herlewing en God se krag. Maar wat sal gebeur wanneer dit kom? Is ons lewens so skoon dat God na my en jou toe kan kom sonder dat Sy oordeel ons sal vernietig oor die sonde wat in ons lewens is?

Ek wil elke Christen in hierdie land aanmoedig om die boek van *Roy Hession, Die Kruisweg* te kry en biddend deur te lees. Wie dit lees, werklik luister en dit in sy lewe toepas, sal iets van die krag van God in sy/haar lewe begin sien deurbreek. Mag God self jou deur die Heilige Gees in die volgende drie maande leer en lei wanneer jy bid.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Ef.3:20